HOEKOM ‘N LID WORD VAN DIE SAPV?

Die vraag word soms gevra wat die SAPV eintlik vir die bedryf doen. Dit is 'n geldige vraag wat gereelde oorweging vra. Onlangse sake waarmee die SAPV gehandel het is:

- **Tariewe** – daarin geslaag om teenstortingsheffing te behou
- **Landbouhandelsbeleid** – Werk saam met die Departement van Landbou
- **Hokslaan van smokkelary** – Dmv.privaat organisasie ondersoek
- **Voedselveiligheidsake** – Deur skakeling met Departement van Gesondheid en SA Verbruikersraad
- **Veeartesenykundige sake** – Beplan die stigting van ‘n Pluimveesiekte Bestuursagentskap in samewerking met die staat en besig met ‘n AI bewusmakingsveldtog.
- **Voersake** – Moniteer verwikkelinge dmv ‘n konsultant
- **Opleiding en tegnologie-oordrag** – SAPA opleidingstrategie binnekort ge-implimenteer te word
- **Statistiek** – Inligting om lede behulpsaam te wees met besluitneming
- **Kongresse, uitstallings en werksessies** – Jaarlikse kongres wat die vertoonvenster is van die pluimveebedryf in Afrika.
- **Ledeskakeling en inligtingverspreiding** – Inligting betreffende die jongste verwikkelinge in die bedryf, plaaslik sowel as internasionaal
- **Generiese advertering van eiers** – Generiese reklameveldtog in werking vir derde jaar
- **Ontwikkelende pluimveeboere** – Ontwikkeling van opkomende pluimveeboere in samewerking met verskeie rolspelers
- **Teikengroepskakeling** – Skakeling met ander rolspelers soos die Diere Gesondheidsforum
- **Steunwerwing by regering**
- **Individuele komitees handel met spesifieke subsektor-sake**
- **Bedryfskodes** – Internasionaal erkende riglyne aan die bedryf beskikbaar gestel
- **Akkreditering van broei-eenhede** – Om die hoë standard van kuikenproduksie in Suid Afrika te te verbeter en te handhaaf
- **Monitering van ontwikkelings in die bedryfsomgewing.** – Voortdurende monitering van gebeure wat die bedryf raak, plaaslik sowel as internasionaal

Strategiese doelwitte

Visie

Om ‘n lewensvatbare en volhoudende nywerheid the skep wat bydra tot ekonomiese groei en ontwikkeling asook indiensneming en voedselveiligheid, gebaseer op suksesvolle produsente wat omgewings en etiese produksie standaarde handhaaf en volgehoue winste lewer.

Missie

Om ‘n bemagtigingsomgewing te skep wat volgehoue winste in die plaaslike sowel as globale markte moontlik maak.

Nywerheisdoelwitte

- **Om efektiewe bestuur** van pluimveeondernemings te bevorder deur opleiding en promosie van opleiding
- **Om regeringsbystand** vir gemeenskaplike inisiatiewe te verkry deur steunwerwing
- **Om produsente te verenig** rondom gemeenskaplike doelwitte deur interne skakeling en duidelike doelstellings
- **Om voortgesette groei** in verbruik en markaandeel te bevorder deur generiese reklame
- **Om kompeterende insetkoste** te verseker deur inligting betreffende voerbestanddele te verskaf en steun te werf vir aanvaarbare strukture en bedelings.
- **Om die aanvaarding van ons zoo sanitêre maatreëls** wêreldwyd te versekerdeur die staat te ondersteun in die beskerming van ons plaaslike standaarde.
- **Om ‘n data/inligtingstrategie** vir die pluimveebedryf te definieer deur ons statistiese stelsel
- **Om op hoogte te bly met geleenthede en ontwikkelinge in internasionale handel** en die bedryf sodanig te posisioneer dat maksimum voordeel bekom kan word.

Die SAPV is inderdaad 'n **medium en katalisator** vir enige saak wat die bedryf gesamentlik wil aanspreek; dit tree op as die gesig van die bedryf wat die RSA-gemeenskap aanspreek en daar 'n teenwoordigheid handhaaf warsonder opposisiegroepe verwoesting onder bedryfsbelange kan saai sonder om teenstand te verwag.